



# HOËRSKOOL OUTENIQUA

**KWAGGA OPVOEDKUNDIGE SENTRUM**

*Voorligting en Sielkundige Dienste*

# VAKKEUSE

## 2022

*Outeniqua het 'n vakkeuse vir elke kind.*

Liewe Ouers en Leerders

Hierdie boekie het ten doel om vir u meer inligting rondom die vakke wat by die Hoërskool Outeniqua aangebied word, te gee.

Die inhoud van elke vak is deur die betrokke vakhoof saamgestel. U is meer as welkom om enige van die vakhoofde te kontak indien u verdere navrae het. Elke vakhoof se e-posadres is by die vak se inligting ingesluit.

**Leerders sal reeds in die 3de kwartaal hulle vakkeuse vir 2022 moet uitoefen.**

In die lig van al die gebeure, sal u as ouers ons hande moet vat om hierdie proses suksesvol af te handel. Dit is belangrik dat u ook self navorsing doen oor moontlike beroepe en vereiste vakke.

Gebruik gerus die volgende hulpbronne om inligting oor beroepsrigtings te verkry:

[www.gostudy.co.za](http://www.gostudy.co.za) / [www.pacecareers.com](http://www.pacecareers.com) / [www.careers.com](http://www.careers.com)

Ons besef dat hierdie 'n baie groot besluit is en dat ons leerders en hulle ouers ondersteuning nodig het.

U is dus so welkom om vir Anne-Marie Naudé, die skool se Opvoedkundige Sielkundige, te kontak vir enige navrae of ondersteuning.

U kan vir haar 'n e-pos met u navrae stuur, of u kan die skool kontak om 'n persoonlike afspraak met haar te maak. Haar e-posadres is **sielkundige@outeniqua.co.za**



# VAKKEUSE VIR GRAAD 10, 11 EN 12

## BELANGRIKE RIGLYNE:

- WISKUNDE is 'n **absolute vereiste** vir die neem van Fisiese Wetenskap en Inligtingstechnologie (IT).
- Leerder mag **nie meer as 2 praktiese** vakke neem nie. Praktiese vakke sluit Ontwerp, Gasvryheidstudies, Visuele Kuns en Dramatiese Kunste in.
- Vir **Gasvryheidstudies** sal 'n addisionele fooi ( $\pm R1600$ ) per jaar gehef word.
- In gevalle waar daar meer leerders 'n vak wil neem as waarvoor daar plek is, sal leerders gekeur word. Seleksie sal op akademiese meriete gedoen word. Vir keuring in die praktiese vakke, mag daar van leerders verwag word om 'n praktiese taak in te handig. Leerders wat nie gekeur word nie, sal toegelaat word om 'n ander vak te neem.
- Aantal plekke per vak: Fisiese Wetenskap ( $3 \times 35 = 105$ ); Besigheidstudies ( $3 \times 35 = 105$ ); IGO ( $2 \times 35 = 70$ ); Verbruikerstudies ( $2 \times 26 = 52$ ); Ontwerp ( $3 \times 15 = 45$ ); Visuele Kunste ( $4 \times 15 = 60$ ); RTT ( $2 \times 39 = 78$ ); IT ( $1 \times 35$ )
- Leerders wat **Engels Huistaal** wil neem, moet 'n gemiddeld van 75% of hoër in graad 9 vir Engels 1ste Addisionele Taal behaal.
- Leerders in graad 10 tot 12 moet 'n totaal van **sewe vakke** neem. Twee van hierdie vakke is verpligtend en die res is keusevakke.

## VERPLIGTE VAKKE:

Afrikaans Huistaal en Lewensoriëntering

Leerders moet 'n verdere 5 vakke kies. **KIES DUS EEN VAK UIT ELKEEN VAN DIE 5 GROEPE:**

### GROEP 1:

Engels 1ste Addisionele Taal  
Engels Huistaal

### GROEP 2:

Wiskunde  
Wiskundige Geletterdheid

### GROEP 3:

Fisiese Wetenskappe  
Lewenswetenskappe  
Besigheidstudies  
Gesiedenis  
Ontwerp  
Musiek

### GROEP 4:

Lewenswetenskappe  
Rekeningkunde  
Ekonomie  
Toerisme  
Visuele Kunste  
Landbouwetenskap  
Ingenieursgrafika (IGO)  
Musiek

### GROEP 5:

Geografie  
Gasvryheidstudies  
Dramatiese Kunste  
Visuele Kunste  
Verbruikerstudies  
Ontwerp  
Rekeningkunde  
Rekenaartoepassingstechnologie (RTT)  
Inligtingstechnologie (IT)  
Musiek

**VRYSTELLING TOT GRAADSTUDIES:** Slaag 4 vakke met prestasiepunte van 4 (50%) of hoër.

\*Tersiêre instellings kan hulle eie kriteria voorhou vir toelating tot kursusse wat hulle aanbied.

# VAKVERANDERINGE

**Vakke kan wel verander word. Die volgende beleid is van toepassing:**

- Graad 10: Hoogstens **twee vakveranderinge** word voor **30 Junie** toegelaat.
- Graad 11: Hoogstens **twee vakveranderinge** word voor **31 Maart** toegelaat. In uitsonderlike gevalle kan 'n leerder een addisionele vak in graad 11 verander nadat sy/haar eindeksamenpunt vir die graad 11-jaar gefinaliseer is. Hierdie verandering moet voor **15 Desember** gedoen word.
- Graad 12: **Geen vakveranderinge** word in die graad 12-jaar toegelaat nie.

**Leerders moet kennis neem dat dit uiters moeilik is om die volgende vakke op 'n latere stadium (graad 11 en 12) te neem. Dit sal net in uitsonderlike gevalle toegelaat word en op meriete beoordeel word.**

- Wiskunde
- Fisiese Wetenskappe
- Rekeningkunde
- Inligtingstechnologie
- Musiek
- Engels Huistaal
- RTT (Rekenaartoevoegingstechnologie)

**Leerders sal egter toegelaat word om enige van die onderstaande vakke op 'n latere stadium te neem. Neem net kennis dat leerders self verlore werk moet inhaal en ook moontlik ekstra onderrig sal benodig om vaardighede aan te leer.**

- Wiskundige Geletterdheid
  - Engels 1ste Addisionele Taal
  - Besigheidstudies
  - Geskiedenis
  - Ontwerp
  - Ekonomie
  - Toerisme
  - Lewenswetenskappe
  - Wiskundige Geletterdheid
  - Visuele Kunste
  - Landbouwetenskap
  - Geografie
  - Gasvryheidstudies
  - Dramatiese Kunste
  - Verbruikerstudies
  - Ingenieursgrafika en -Ontwerp (IGO)
- (Dit is redelik moeilik om hierdie vak op 'n latere stadium te neem.)*
- (Indien 'n leerder later hierdie vak neem, sal hy/sy ekstra onderrig benodig om vaardighede aan te leer.)*

**Leerders moet seker wees van die rede vir die voorgenome veranderinge. Alle vakke vereis harde werk en toewyding. Dit is soms waardevol om harder te werk en/of ekstra klasse te neem voordat die vak verander word.**

# TIPE KWALIFIKASIES EN TOELATINGSVEREISTES

TIPE KWALIFIKASIE	MINIMUM VEREISTES
<b>HOËR SERTIFIKAAT</b>	Slaag Graad 12 (NSS) met die minimum van 30% in die taal van onderrig. Sommige kursusse mag spesifieke vakke vereis, maar oor die algemeen moet die leerder net graad 12 geslaag het.
<b>DIPLOMA</b>	Slaag Graad 12 (NSS) met 'n minimum van 30% in die taal van onderrig. Hiermee saam moet leerders 'n kode 3 (40 – 49%) in vier vakke (LO uitgesluit) behaal.
<b>GRAAD</b>	Slaag graad 12 (NSS) met 'n minimum van 40% in die taal van onderrig. Hiermee saam moet leerders 'n kode 4 (50 – 59%) in vier vakke (LO uitgesluit) behaal. Leerders moet 'n gemiddelde prestasie van 65% en meer behaal. Vir sommige kursusse is die gemiddelde prestasie selfs hoër. Vereistes word bepaal deur die spesifieke kursus en die instansie waar die kursus studeer gaan word.

<b>GEMIDDELDE PRESTASIE</b>	Wanneer die gemiddelde prestasie bereken word, word <b>al die vakke se punte gebruik</b> . By sommige instansies word Lewensoriëntering uitgelaat wanneer die gemiddeld bereken word. * <i>Instansies verwys daarna as APS- of TP-tellings.</i>
-----------------------------	--

<b>GRAAD 11-PUNTE</b>	Leerders doen gewoonlik met hulle graad 11-punte aansoek vir toelating tot verdere studies. Die laaste (finale) graad 11-rapport word gebruik. Toelating is voorlopig en finale toelating hang van die leerder se finale graad 12-punte af.
-----------------------	---

Vervolgens sal daar meer inligting oor die verskillende vakke gegee word.

# WISKUNDE

JAARPUNT = 25%

EKSAMEN = 75%

**AAN DIE EINDE VAN MATRIEK WORD GR.11- EN GR.12-WERK OP 'N 50% / 50% -BASIS GEËKSAMINEER.**

**WISKUNDE IS NOODSAAKLIK VIR DIE STUDIE VAN:**

1. Medies verwante beroepe
2. Die meeste BCom-grade
3. Ingenieurswese en verwante beroepe
4. BSc-grade
5. Verskeie tegniese beroepe

**Maak dus seker van die vereistes vir die betrokke studierigting.**

**NEEM KENNIS VAN DIE VOLGENDE:**

- Die tempo is vinniger en die volume is beslis groter as in graad 9.
- Rekeningkunde, Fisiese Wetenskap en Inligtingstechnologie kan net saam met Wiskunde geneem word.
- Leerders wat Wiskunde Geletterdheid neem, kan nie later oorskakel na Wiskunde nie.
- Om Wiskunde in graad 10 te neem beveel ons aan dat leerders minstens 50% in die Junie en aan die einde van graad 9 behaal.
- Indien die leerder besonder goed in Wiskunde presteer en Ingenieurswese of Aktuariële Wetenskap oorweeg, word Addisionele Wiskunde sterk aanbeveel.

**VEREISTES VIR SUKSES IN WISKUNDE:**

- Die leerder moet self verantwoordelikheid vir sy prestasie in die vak aanvaar.
- Wiskunde is soos 'n veeleisende meisie – sy soek elke dag baie aandag.
- Soos 'n goeie sportman elke dag oefen om sukses te behaal, moet die Wiskunde-leerder elke dag oefen.
- Wiskunde is nie 'n toeskouersport nie; oefen deur te doen en nie net te kyk nie.
- Foute moet dadelik reggestel word en die probleem moet gereeld weer gedoen word.

**VAKHOOF: Mev. Heidi Erasmus – [heidi.erasmus.he@gmail.com](mailto:heidi.erasmus.he@gmail.com)**

# WISKUNDIGE GELETTERDHEID

## DOEL:

- Om jou 'n bruikbare burger vir die land te maak.
- Om jou te onderrig in alledaagse situasies.

## ONDERWERPE:

- Finansies - 35%; Meting - 20%; Kaarte en skale - 15%; Datahantering - 25%;  
Waarskynlikheid-5%

## FINANSIES:

- Dokumente/ tariewe
- Inkomste, Uitgawes, Wins, Verlies
- Begrotings
- Beleggings, Rente
- Bankwese, Bankkoste
- Inflasie
- Belasting

## METING:

- Temperatuur
- Massa / Lengte / Afstand
- Koers
- Volume / Oppervlakte
- LMI
- Reënval

## KAARTE/ PLANNE:

- Soorte kaarte
- Huisplanne
- Modelle

## DATAHANTERING:

- Tabele
- Alle soorte grafieke
- Ontleding van data
- Mond-en-snor diagram
- Vergelykings
- Sentrale geneigdheid

**VAKHOOF: Me. Marietjie Kalp – johankalp@gmail.com**

# ENGLISH HOME LANGUAGE

Learners need to achieve at least 65% for English Home Language at the end of Gr 9 for it to be worth their while to have English Home Language in Gr 10.

The English Home Language issue is generally not about learners who are not suited to the subject, but rather about learners who could benefit from English Home Language.

Sometimes Mrs. Du Plessis will advise learners to rather do English as First Additional Language, because they will achieve higher marks than in English Home Language.

Any learner who took First Additional Language in Gr 9 but wishes to change to English Home Language in Gr 10, should achieve at least **75% for First Additional Language at the end of Gr 9.**

Learners who wish to take English Home Language should also be prepared to do a lot of reading, as literature study forms an important part of the course.

Please feel free to contact Mrs. Du Plessis if you would like more information.

**SUBJECT HEAD: Mrs. Mandy du Plessis – [mandydpless8@gmail.com](mailto:mandydpless8@gmail.com)**



# FISIESE WETENSKAPPE

## WAT IS DIT?

Fisiese Wetenskappe bestaan uit twee velde, naamlik Fisika en Chemie. In Fisika word Meganika, Golwe, Klank en Lig en Elektrisiteit en Magnetisme as leerareas behandel. In Chemie word Materie en Materiale, Chemiese verandering en Chemiese stelsels behandel.

## VOORVEREISTES:

Fisiese Wetenskappe is 'n probleemoplossings vak en vereis 'n hoë vlak van analitiese denke en Wiskundige-vermoë. Slegs leerders met 70% en hoër vir Wiskunde en Natuurwetenskappe in Graad 9 sal aangeraai word om Fisiese Wetenskappe as vak te neem. Leerders MOET ook Wiskunde as vak kies om Fisiese Wetenskappe te mag neem.

## BEROEPSGELEENTHEDE:

Fisiese Wetenskappe kan talle beroepsgeleenthede in tegniese- sowel as akademiese velde ontsluit, indien leerders die vereiste minimum vir die onderskeie beroepsrigtings kan behaal.

## HIERDIE RIGTINGS SLUIT IN:

- Tegniese rigtings (50%+)
- Landbou-rigtings (BAgric – 50%+)
- Ingenieurswese (BTech 60%+ en BIng 70%+)
- Algemene wetenskappe (BSc 60%+)
- Mediese rigtings (60%+)

Hierdie is slegs die minimum vereistes en talle kursusse het streng keuring en addisionele keuringstoetse, soos byvoorbeeld om te kwalifiseer as mediese dokter, wat kan beteken dat leerders tot soveel as 90% vir die vak sal moet behaal.

## WERKBOEKE:

Alle leerders wat Fisiese Wetenskappe as vak neem, moet vanaf 2018 die nodige werkboeke aankoop. Hierdie werkboeke moet voor of op bestel word by Me E. de Vos (K41). Die koste vir Graad 10 beloop R 360. Leerders kan bestelvorms in K41 gaan afhaal.

**VAKHOOF: Me. Thelani Moore – thelanimoore@yahoo.com**

# LEWENSWETENSKAPPE

## DEUR LEWENSWETENSKAPPE SAL LEERDERS DIE VOLGENDE ONTWIKKEL:

- Kennis van belangrike biologiese begrippe, prosesse, stelsels en teorieë.
- 'n Vermoë om wetenskaplike kwessies en prosesse krities te evalueer en te debatteer.
- 'n Groter bewustheid van die maniere waarop biotegnologie en kennis van Lewenswetenskappe die mensdom gebaat het.
- 'n Begrip van die maniere waarop die mens 'n negatiewe uitwerking het op die omgewing en die organismes wat daarin is.
- 'n Diep waardering vir die unieke diversiteit van biome in Suider-Afrika, beide in die verlede en die hede, en die belangrikheid van bewaring.
- 'n Bewustheid van die betekenis daarvan om 'n verantwoordelike burger te wees in terme van die omgewing en lewenstylkeuse wat hulle maak.
- 'n Bewustheid van die bydrae van Suid-Afrikaanse wetenskaplikes.

### Lewenswetenskappe: Konsep en Inhoudsontwikkeling

Kennisareas	Lewe op die molekulêre, sellulêre en weefselvlak	Lewensprosesse in plante en diere	Diversiteit, verandering en kontinuïteit	Omgewingstudies
Graad 10	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Chemie van lewe</li> <li>- Anorganiese verbindings</li> <li>- Organiese verbindings</li> <li>• Sel - die eenheid van lewe</li> <li>• Seldeling (mitose)</li> <li>• Plant-en diereweefsel</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ondersteuning-en vervoerstelsels in plante.</li> <li>• Ondersteuning-stelsels in diere</li> <li>• Vervoerstelsels in soogdiere</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Biodiversiteit en klassifikasie</li> <li>• Geskiedenis van lewe op Aarde</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Biosfeer tot ekosisteme</li> </ul>
Graad 11		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Energie – transformasies om lewe te ondersteun: fotosintese</li> <li>• Dierewoeding</li> <li>• Energie – transformasies: Respirasie</li> <li>• Gaswisseling</li> <li>• Ekskresie</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Biodiversiteit – klassifikasie van mikro-organismes</li> <li>• Biodiversiteit - plante</li> <li>• Reproduksie – plante</li> <li>• Biodiversiteit – diere</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bevolkingsekologie</li> <li>• Menslike impak op die omgewing: huidige krisis</li> </ul>
Graad 12	<ul style="list-style-type: none"> <li>• DNS/DNA-kode van die Lewe</li> <li>• RNA en Proteïensintese</li> <li>• Meiose</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Reproduksie in Werweldiere</li> <li>• Menslike Voortplanting</li> <li>• Senuweestelsel</li> <li>• Sintuie</li> <li>• Endokriene stelsel</li> <li>• Homeostase</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Darwinisme en Natuurlike Seleksie</li> <li>• Die evolusie van die mens</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Menslike impak op die omgewing: huidige krisis Graad 11</li> </ul>

# BESIGHEIDSTUDIES

## **BESIGHEIDSTUDIES WIL VERSEKER DAT LEERDERS:**

- Noodsaaklike besigheidskennis, vaardighede en beginsels bekom en toepas om produktiewe en winsgewende besighede in veranderende besigheidsumgewings te bedryf.
- Besigheidsgelentheid skep, probleme kreatief oplos en risiko's neem en die regte van ander en omgewingsvolhoubaarheid respekteer.
- Basiese leierskap- en bestuursvaardighede en -beginsels toepas terwyl daar met ander saamgewerk word om besigheidsdoelwitte te bereik.
- Gemotiveerde, selfgerigte, reflektiewe lewenslange leerders is wat hulself en hul aktiwiteite verantwoordelik kan bestuur, terwyl hulle werk om die besigheidsdoelwitte te bereik.
- Verbind is tot die ontwikkeling van hulself en ander deur besigheidsgelentheid en risiko's.
- In staat is om formele indiensname te verseker en in 'n posisie is om volhoubare entrepreneur- en self-indiensname loopbane te volg.
- Entrepreneursinisiatiewe ontwikkeling.

## **ELKE LEERDER BEHOORT DIE VOLGENDE TE HÊ:**

- Kern notas (Word deur skool voorsien.)
- Skryfbehoeftes (Sal op skryfbehoeftes lys verskyn en aan leerders gegee word.)

## **Die onderrigtyd vir Besigheidstudies is 4 uur per week op die tydrooster.**

Besigheidstudies bestaan uit 4 afdelings wat vanaf gr. 10 - 12 behandel word:

1. Besigheidsumgewings (Wetgewing & besigheidstrategieë)
2. Besigheidsbedrywighede (Menslike hulpbronne)
3. Besigheidsrolle (Professionalisme, kreatiewe denke en spanprestasie)
4. Besigheidsgelentheid (Versekering, beleggings, leierskap & ondernemingsvorme)

**VAKHOOF: Mev. Heimne van Rooyen – heimnevanrooyen@gmail.com**

# GESKIEDENIS

## WAARDE VAN GESKIEDENIS AS VAK:

- Leer jongmense vaardighede en denkprosesse om verantwoordelike burgers te wees.
- Verskaf begrip van menslike tussenkoms – almal kan 'n verskil maak.
- Ontwikkel die totale denke van die mens.

## HOE LYK GESKIEDENIS AS VAK?

- Verskeidenheid van inligting en geskiedkundige bronne soos kaarte, foto's, spotprente, illustrasies ens. word gebruik om inligting oor die verlede te vind en te interpreteer.
- Leerders word geleer om navorsing te doen.
- Aanbiedings voor die klas te doen, aan rolspel deel te neem en onderhoude te voer.
- Leer om opinies en eie idees oor verskillende onderwerpe te gee.

## WAAROM IS GESKIEDENIS RELEVANT?

In die vining veranderende wêreld verlang werkgewers mense wat:

- Onafhanklike denkers is.
- Objektief is.
- Gedissiplineerd is.
- Probleemoplossingsvaardighede het.

Geskiedenis slyp hierdie vaardighede!

## VEREISTES:

- LIEF VIR LEES!
- Goeie leesbegrip.
- Geïnteresseerd in wêreldgebeure.
- Stel belang in politieke gebeure.
- Stel belang om navorsing oor 'n onderwerp te doen.

**VAKHOOF: Mev. Jackie Minnie – [njackieminnie@yahoo.com](mailto:njackieminnie@yahoo.com)**

# ONTWERP

Outeniqua se Ontwerpdepartement skep geleenthede vir leerders om omgewings- en sosiale probleme op te los en aan te spreek met hul unieke kreatiewe werk. Hul word stap vir stap begelei deur 'n span professionele, skeppende onderwysers en leer al die nodige vaardighede om sukses in hul verdere studies en beroepe te bereik.

Ontwerp is die kern van enige land se ekonomie. As daar nie produkte vervaardig word nie, het die rekenmeesters, ouditeure en ekonome nie werk nie. Produkte, dienste en geleenthede word in tydskrifte, op televisie, die radio, jou selfoon en die web, bemark. Visuele Kommunikasie Ontwerpers is hiervoor verantwoordelik.

Leerders wat Ontwerp as vak kies, kan graadkursusse in Industriële Ontwerp, Mode-ontwerp, Tekstielontwerp, Juweliersontwerp, Argitektuur, Teaterontwerp, Binnenshuise Ontwerp, Visuele Kommunikasie Ontwerp en Animasie en Filmproduksie landswyd by Universiteite en Universiteite van Tegnologie en privaat Tersiere instansies gaan studeer.

By Outeniqua kry leerders die geleentheid om hul werk by groot uitstallings soos die Wear Art te vertoon. Lesings, werkwinkels en loopbaanuitstallings tydens die Outeniqua Kuns en Ontwerp Biennale maak deure vir ons leerders oop na die wêreld van werk, studiebeurse en tersiere instellings.

Deur Ontwerp as vak te neem, leer ons leerders die belangrike vaardigheid van kreatiewe probleemoplossing. Dit help hulle op alle gebiede van die lewe. Dit verseker oorlewing in moeilike omstandighede en sukses en welvaart deur die skep van werk vir jousef en ander. Werksetiek vorm deel van al die aspekte van die proses van Ontwerp, sowel as die vervaardiging van produkte. Waar ons vandag die werklikheid van 'n pandemie wat werkverlies veroorsaak moet hanteer, is dit kernbelangrik om reeds op 'n jong ouderdom hierdie vaardighede te ontwikkel. **Kreatiewe probleemoplossing en werksetiek is die kern van die vak Ontwerp by Outeniqua.**

**VAKHOOF: Mev. Elna Pretorius – [designforwork@gmail.com](mailto:designforwork@gmail.com)**

# MUSIEK

Alle leerders wat musiek in Gr. 10 wil neem, moet verkieslik Unisa Graad 3 teorie standard en prakties Graad 3 (Unisa; ABRSM of Trinity) hê. Die vak behels Musiek geletterdheid (Teorie); Algemene Musiekkennis (Gesiedenis); Gehooropleiding en Praktiese werk. Laasgenoemde behels ook ensemblewerk.

Praktiese eksamens vind twee maal per jaar plaas en in matriek drie maal, waarvan die derde een ekstern is. Dit is die leerder se eie keuse om ook eksterne eksamens (Unisa, ABRSM of Trinity) te doen, maar dit is nie verpligtend nie.

Vyf PATS word deur die jaar gedoen, naamlik:

- PAT 1 - Konsertvoordrag
- PAT 2 – Musiek geletterdheid
- PAT 3 - Inprovisasie
- PAT 4 - Komposisie / Verwerking
- PAT 5 - Navorsing

Daar is TWEE verskillende bane waaruit leerders kan kies, nl. Westerse Kunsmusiek en Jazz.

## **LOOPBAANMOONTLIKHEDE:**

Uitvoerende kunstenaar; Musiekonderwys; Klankingenieur; Navorsing; Begeleiding; Ensemble en Dirigering.

**VAKHOOF: Mev. Karin Netley – [karinnetley@gmail.com](mailto:karinnetley@gmail.com)**

# REKENINGKUNDE

## **Geagte toekomstige Graad 10-Rekeningkundeleerder,**

Ons wil net bevestig – Rekeningkunde kan in die toekoms deure vir jou oopmaak. Afgesien van vaardighede en kennis wat julle gaan aanleer, gaan julle ook waardes en logiese denke ontwikkel wat vir jou van onskatbare waarde gaan wees in jou persoonlike en professionele lewe.

Dit is harde werk – maar die bevrediging en vreugde om rekeningkunde te bemeester, maak dit die moeite werd.

## **REKENINGKUNDE FOKUS OP 2 VELDE:**

- Finansiële Rekeningkunde (bv. Rekenmeesters en Ouditeure)
- Bestuursrekeningkunde (bv. Projeksie en Beplanning)

## **WENKE VIR SUKSES IN REKENINGKUNDE:**

- Begin werk vanaf die eerste dag en redeneer werk logies uit.
- Let noukeurig op in die klas om te verseker dat jy verstaan.
- Voltooi huiswerk daaglik.
- Werk netjies en akkuraat.
- Toon berekeninge in hakies.
- Lees instruksies by vroe versigtig en maak seker jy verstaan wat gevra word. Wanneer jy onseker is of indien jy twyfel, vra `n onderwyser of klasmaat om te verduidelik.
- Wees nougeset in die voltooiing van take en toetse.... asof jy vir die finale eksamen voorberei.
- Maak gebruik van ou vraestelle en toetse vir hersiening.
- **Wees positief oor die vak en geniet dit!!!**

**VAKHOOF: Mev. Ronel Hattingh – rek@outeniqua.co.za**

# EKONOMIE

## WAT IS EKONOMIE?

Ekonomie is die studie van hoe individue, besighede, owerhede en ander organisasies binne ons gemeenskap kies om skaars hulpbronne te gebruik in die bevrediging van hul veelvuldige behoeftes en begeertes op 'n wyse wat doeltreffend, billik en volhoubaar is.

Die tabel hieronder dui die vier hoofonderwerpe en ooreenstemmende onderwerpe in die Ekonomie-kurrikulum aan.

GEWIGSTOEKENNING VAN KURRIKULUM	ONDERWERP
<b>Makro-ekonomie</b> (Gewigstoekenning: 25%)	<ol style="list-style-type: none"><li>1. Ekonomie: basiese begrippe</li><li>2. Basiese ekonomiese probleem</li><li>3. Ekonomiese kringloop</li><li>4. Kwantitatiewe elemente</li></ol>
<b>Mikro-ekonomie</b> (Gewigstoekenning: 25%)	<ol style="list-style-type: none"><li>5. Dinamika van markte</li><li>6. Produksiemoontlikhede</li><li>7. Metodes van regeeringsinmenging</li></ol>
<b>Ekonomiese strewes</b> (Gewigstoekenning: 25%)	<ol style="list-style-type: none"><li>8. Ekonomiese groei en ontwikkeling</li><li>9. Geld- en bankwese</li><li>10. Bevolking en arbeidsmag</li></ol>
<b>Kontemporêre ekonomiese kwessies</b> (Gewigstoekenning: 25%)	<ol style="list-style-type: none"><li>11. Werkloosheid</li><li>12. Arbeidsverhoudinge</li><li>13. Ekonomiese regstelling</li></ol>

Vervolg ...



## **DIE DOELSTELLINGS VAN EKONOMIE**

### **Ekonomie-leerders sal in staat wees om:**

- Hulpbronne doeltreffend te gebruik in die bevrediging van mededingende behoeftes en begeertes van individue en die gemeenskap.
- Die begrippe monetêre- en reële vloei in 'n oop ekonomie binne die grense van produksie, verbruik en ruil te verstaan.
- Vaardighede te ontwikkel in die toepassing van vraag en aanbod, koste-voordeel-analise en die verduideliking van pryse en produksievlakke.
- Rekonstruksie, groei en ontwikkeling te verstaan, asook 'n kritiese benadering tot inisiatiewe tot 'n regverdige verdeling van inkome en welvaart, menseregte en verantwoordelikhede te ontwikkel.
- 'n Gevorderde Ekonomie-woordeskat op te bou wat hul in staat stel om noodsaaklike elemente van die vak te debatteer en te kommunikeer.
- Die beginsels wat die grondslag vorm van basiese ekonomiese prosesse en praktyke toe te pas op 'n verantwoordelike en toerekenbare wyse.
- 'n Verskeidenheid metodes en strategieë te ondersoek om die dinamika van markte te analiseer en interpreter met die oog op probleemoplossing en ingeligte besluitneming.
- Menseregte-aangeleenthede te verstaan, die proses van welvaartskepping te oordink en betrokke te raak by armoede-verligting.
- Die impak van plaaslike en internasionale instellings op die Suid-Afrikaanse ekonomie te analiseer en te assesseer.
- Ekonomiese gebeure te verduidelik en die gevolge te voorspel of moontlike verwagte toekomstige uitkomst te voorsien.

### **WANNEER NEEM EK DIE VAK EKONOMIE?**

Wanneer jy beplan om Universiteit toe te gaan en jouself in 'n ekonomiese/Handelsrigting te bekwaam, bv. BRek of B Com.

**VAKHOOF: Mev. Gerna Joubert – [ekonomie@outeniqua.co.za](mailto:ekonomie@outeniqua.co.za)**

# TOERISME

## SPESIFIEKE DOELWITTE VAN TOERISME

### IN DIE VAK TOERISME SAL LEERDERS DIE VOLGENDE BESTUDEER:

- Verskillende tipes toeriste en die redes waarom hulle reis.
- Die verskillende toerisme sektore, met spesifieke verwysing na vervoer, akkommodasie, voedsel- en drankondernemings, reisorganisasie en ondersteuningsdienste en die attraksie-sektor.
- Kaartwerk
- Buitelandse valuta, verhandelingskonsepte en die koopkrag van verskillende buitelandse geldeenheede.
- Die invloed van die wêreld se tydsones op reis.
- Suid-Afrika en die SAOG-lande as toerismebestemmings.
- Wêreldbekende ikone en wêrelderfenisterreine.
- Volhoubare en verantwoordelike toerisme
- Bemaking van toerismeprodukte.
- Tegnologie in toerisme.
- Kliëntediens en die waarde van diensvoortreflikheid.
- Toerbeplanning

### WERK- EN LOOPBAANGELEENTHEDE IN DIE TOERISMESEKTORE, SUBSEKTORE EN VERWANTE DIENSTE:

Vervoer, gasvryheid (akkommodasie en voedsel), toerisme-attraksies (dobbel en loterye, ontspanning, bewaring, sport en tydverdryf), gebeure (events) en konferensies, toerismediens, reishandelsektore.

### PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK (PAT)

- As gevolg van die praktiese aard van die vak, Toerisme, moet leerders ook deur middel van 'n Praktiese Assesseringstaak geassesseer word. Dit is 'n simulاسie van die saamstel van 'n toerprogram wat vervoer-, akkommodasie en attraksie-besprekings insluit.
- Die spesifieke bronne sal in elke PAT-dokument gelys word, maar sal hoofsaaklik bestaan uit kaarte, tydskrifte en brosjures en inligting wat op die internet beskikbaar is.

**VAKHOOF: Mev. Susan van der Walt – [toerisme@outeniqua.co.za](mailto:toerisme@outeniqua.co.za)**

# VISUELE KUNS

## WAT BEHELS DIE VAK?

### KULTUURSTUDIES / KUNSGESKIEDENIS

Dis die teoretiese komponent van die vak. In Gr. 10 dek ons Klassieke kuns tot ongeveer 1750. Gedurende Gr. 11 bestudeer ons Internasionale kuns vanaf 1700 tot vandag. Die Gr. 12 sillabus handel oor Suid-Afrikaanse Kuns vanaf die laat 1800 tot hedendaagse Suid-Afrikaanse Kuns.

### PRAKTIES

**Wat die prakties betref, het leerders 'n keuse. Hulle kan spesialiseer in:**

- Tekenkuns
- Skilderkuns
- Beeldhoukuns
- Gemengde media (insluitend collage)
- Fotografie.

Indien die fotografie-opsie gekies word, moet leerders 'n drukstuk by Mev. Naudé afhaal waarin inligting vervat is rakende die tipe toerusting wat nodig is. Ongeag watter opsie gekies word vir die praktiese komponent van die vak, bly die teorie vir almal dieselfde en is die vak VISUELE KUNS.

### LOOPBANE EN BEROEPE

**Die kreatiewe industrie is tans die grootste werkverskaffer in ontwikkelde lande. Visuele Kuns open die deur na 'n groot verskeidenheid beroepe:**

- ADMINISTRATIEF – bestuur of organisasie van kunsgalerye, museums en uitstallings.
- AKADEMIES - onderwys vanaf pre-primêr tot tersiêr, kunshistorikus, argeologie en navorser.
- ILLUSTRASIE – boeke, tydskrifte.
- BEROEPE WAT NOU VERBAND HOU MET ONTWERP – animasie, grafiese ontwerp, mode-ontwerp. Industriële ontwerp, binnenshuiseontwerp, webontwerp en juweliersontwerp.
- HANDEL – kunshandel, handel in kunsmateriaal.
- FOTOGRAFIE – modefotografie, troues en “events”, huise vir eiendomsagente se webtuistes, natuur, vir tydskrifte en fotojoernalistiek.
- HERALDIEK – die ontwerp van vlae, medaljes, wapens, muntstukke en posseëls.
- DRUKWERK
- MODELBOUER
- TATOEËERKUNSTENAAR
- FILM EN TV – stelontwerp, spesiale effekte-grimering, rekwisietontwerp en kostuumontwerp.

**VAKHOOF: Mev. Vanessa de Toit – [fotografie@outeniqua.co.za](mailto:fotografie@outeniqua.co.za)**

# INGENIEURSGRAFIKA (IGO)

## WAT BEHELS DIE VAK?

- IGO word onderverdeel in 2 hoofkomponente, nl. siviele tekenwerk (bv. huise ens.) en meganika (bv. meganiese samestellings, ens.).
- Help met die ontwikkeling abstrakte denke, insig en probleemoplossingsvaardighede.
- Praktiese, beroepsgerigte tekenwerk, asook 'n PAT (praktiese assesseringstaak met 'n ontwerpportefeulje elke jaar).
- Omdat ons 'n beperkte hoeveelheid leerders het wat die vak kan neem a.g.v. spasie, is IGO 'n **keuringsvak**. Slegs **70 leerders** kan jaarliks aanvaar word. Hier word nie net na die leerders se tekenpunte in Gr. 9 (tegnologie) gekyk nie, maar ook na hulle teoretiese punte en hulle algemene gemiddeld. IGO vereis dat die leerders 'n groot hoeveelheid teorie moet leer wat in hulle tekeninge toegepas word. Leerders wat 'n tendens het om nie take in te gee in nie, diskwalifiseer hulself onmiddellik.

## BEROEPSMOONTLIKHEDE MET IGO

- Argitektuur
- Boutekenaar
- Stads en Streekbeplanning
- Industriële ontwerper
- Meganiese Ingenieurswese
- Siviele Ingenieurswese
- Elektriese Ingenieurswese
- Chemiese Ingenieurswese
- Binnenshuise Versiering
- Landskap Argitek

## WAT OM TE KOOP VIR IGO:

- A3 Tekenbord
- 45° driehoek en 30° driehoek
- Liniaal
- Uitveërplaatjie
- French curves
- Gradeboog
- 0.3mm/0.35mm tekenpeiser
- 2h loodjies vir die peiser
- Goeie uitveër
- Langbeen passer met stelskroef
- IGO-werkboek

**VAKHOOF: Mnr. Hendri Swanepoel – igo@outeniqua.co.za**

# LANDBOUWETENSKAPPE

## WAT IS LANDBOUWETENSKAPPE?

Landbouwetenskappe is 'n studie van die verwantskap tussen grond, plante en diere in die produksie en prosessering van voedsel, vesel, brandstof en ander landboukommoditeite wat 'n ekonomiese, estetiese en kulturele waarde het.

**Die tabel hieronder dui die hoofonderwerpe in die Landbouwetenskappe-kurrikulum aan:**

1. Grondkunde
2. Plantestudies
3. Dierestudies
4. Landbou-ekonomie
5. Basiese Landbouchemie
6. Basiese Genetika en Biologiese Konsepte
7. Volhoubare Natuurlike hulpbron-benutting
8. Landbou-ekologie

## IN LANDBOUWETENSKAPPE SAL LEERDERS:

- 'n Bewustheid van die bestuur en versorging van die omgewing, natuurlike hulpbronne en die menslike behandeling van diere ontwikkel deur die toepassing van wetenskap en verwante tegnologie.
- Meganismes vir probleemoplossing binne die konteks van landbouproduksie-, landbou-ekonomie, landbouverwerkings- en landboubemarkingspraktyke ontwikkel.
- Bewus word van die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van die samelewing as geheel deur persoonlike ontwikkeling in kommersiële- en bestaansboerdery-ondernemings.
- Ingeligte en verantwoordelike burgers in die vervaardiging van landbouprodukte word, wat vir die omgewing omgee en kwessies van sosiale geregtigheid aanspreek.
- Bewus word van inheemse landboukennis en -praktyke deur Landbouwetenskappe binne historiese en sosiale kontekste te verstaan.

## IDEALE VAKKOMBINASIES VIR LANDBOUWETENSKAPPE:

Dit word sterk aanbeveel dat Landbouwetenskappe met Wiskunde, Fisiese Wetenskappe en/of Lewenswetenskappe gekombineer word.

## SKAKELS MET ANDER VAKKE:

Landbouwetenskappe is 'n geïntegreerde wetenskap. Dit kombineer kennis en vaardighede van Fisiese Wetenskappe, Lewenswetenskappe, Sosiale Wetenskappe, Aardwetenskappe, Ingenieurswese, Wiskunde en Ekonomie. Hierdie vak moet gesien word binne die holistiese wetenskap raamwerk eerder as 'n geïsoleerde wetenskap.

**VAKHOOF: Mnr. Cameron Stronach – [landbou@outeniqua.co.za](mailto:landbou@outeniqua.co.za)**

# GEOGRAFIE

## WAT IS GEOGRAFIE?

Geografie as 'n wetenskap bestudeer:

- Fisiese prosesse
- Menslike prosesse
- Ruimtelike prosesse

## LEERUITKOMSTES:

- Geografiese vaardighede en tegnieke
- Kennis en begrip
- Toepassing

## INHOUD:

- Geografiese vaardighede en tegnieke
- Atmosfeer: Weer en klimaat
- Struktuur en veranderde landsvorme
- Mense en plekke: Bevolking
- Oseane en waterbestuur in SA

## BEROEPSMOONTLIKHEDE:

- Ekoloog
- Klimatoloog
- Omgewingskundige
- Gids
- Hulpbronbestuurder
- Water hulpbronbestuurder
- Navigasie
- Kartograaf
- Geoloog
- Reisagent
- Stadsbeplanner
- Vervoerbeplanner
- Landbouadviseur

**VAKHOOF: Mnr. Braam Tukker – jatukr03@gmail.com**

# GASVRYHEIDSTUDIES



Gasvryheidstudies is die studie van verskeie interafhanklike temas in die gasvryheidsindustrie, soos bv. higiëne, voedselproduksie, voedsel- en drankbediening en kliëntediens. Leerders sal leer hoe om 'n verskeidenheid van disse voor te berei en te bedien, lokale vir funksies voor te berei, tafels vir verskillende spyskaarte te dek en die korrekte bedienings- en opruimingstegnieke te gebruik vir voedsel en drank.

## HOOFONDERWERPE VAN GASVRYHEIDSTUDIES:

- Gasvryheidsektore en loopbane
- Kombuis- en restaurantbedrywighe
- Voeding, spyskaartbeplanning en kosteberekening
- Voedselkommoditeite
- Voedsel- en drankbediening
- Higiëne, veiligheid en sekuriteit

## IN GASVRYHEIDSTUDIES SAL LEERDERS DIE VOLGENDE LEER:

- Die verskillende sektore in die gasvryheidsbedryf en die loopbaanmoontlikhede in die verskillende sektore.
- Kultuur en ander invloede op die Suid Afrikaanse kookkuns.
- Spyskaartbeplanning en kosteberekening.
- Voedselkommoditeite.
- Voedselaankope, berging en kontrole.
- Voedselvoorbereiding en gaarmaakmetodes.
- Bestuur van hulpmiddels.
- Voedsel- en drankbediening en kliëntediens.
- Higiëne, veiligheid and sekuriteit in die gasvryheidsomgewing.

## SAMESTELLING VAN JAARPUNT:

- 50 % Teorie
- 50 % Prakties (Klas PAT 25 %, Restaurant-aand 25 %)

## VEREISTES:

- R1 600,00 per jaar. Dié bedrag is **verpligtend** ten einde die koste van bestanddele, ens. te dek. Hierdie bedrag is vooruitbetaalbaar (R1 600 / R400 per kwartaal / R160 per maand per debietorder)
- Sjef- en kelneruniform is verpligtend vanaf kwartaal 1.

**VAKHOOF: Me. Adele Lubbe – restaurant@outeniqua.co.za**

# DRAMATIESE KUNSTE

## WAT IS DRAMATIESE KUNSTE?

Hierdie vak is 'n studie van hoe menslike belewenis in dramatiese vorm aan 'n gehoor voorgestel word. Hierdie studie integreer praktiese ervaring met die studie van dramatiese praktyke en prosesse. Die doel daarvan is om kreatiwiteit te bevorder en tot 'n ryk, diverse hulpbron te ontwikkel d.m.v. dramatiese kommunikasie, interaksie en aanbieding. Leerders ondersoek hoe drama- en teaterelemente vir spesifieke doeleindes binne diverse kontekste gekies word, met 'n fokus op die rol van dramatiese kunste in Suid-Afrika. Samewerkingsvaardighede word ontwikkel en leerders word toegerus met lewensvaardighede soos selfvertroue, selfbeeld, kreatiwiteit, kommunikasievaardighede, empatie, selfdisipline, kritiese en kreatiewe denke, leierskap en samewerking in groepverband. Hierdie vaardighede is nodig in enige veld of toekomstige loopbaan.

In Dramatiese Kuns sal leerders die volgende leer:

### 5. Teatergeskiedenis

Gr. 10	<ul style="list-style-type: none"><li>○ Griekse teater</li><li>○ Commedia Del'Arte</li><li>○ Middel-eeuse teater</li><li>○ Suid-Afrikaanse teater</li></ul>
Gr. 11	<ul style="list-style-type: none"><li>○ Gestilleerde teater</li><li>○ Realisme</li><li>○ Suid-Afrikaanse teater</li></ul>
Gr. 12	<ul style="list-style-type: none"><li>○ 20e eeuse Ismes</li><li>○ Suid Afrikaanse teater</li></ul>

6. Stem en verbale vaardighede
7. Fisiese en nie- verbale kommunikasie
8. Improvisasie en ensemblespel
9. Toneelspel en aanbieding

Die samestelling van die jaarpunt is 50% teorie en 50% prakties. Gr. 12 bestaan uit 'n praktiese eksamen wat deur 'n eksterne eksaminator ge-eksamineer word.

## TOELATINGSVEREISTES:

- 60% Gemiddeld vir Afrikaans in Gr 9
- 'n Oudisie (improvisasie en 'n kort monoloog of prosa)
- 'n Onderhoud

**VAKHOOF: Me. Karleine Herbst – karleineh@gmail.com**




# VERBRUIKERSTUDIES

## DIE DOEL VAN VERBRUIKERSTUDIES:

Die algemene doel van Verbruikerstudies is om jou te leer om verantwoordelik en ingelig te wees oor jou gedrag as 'n verbruiker. Dit kweek entrepreneurs en leer jou om 'n suksesvolle onderneming te begin.

## VERBRUIKERSTUDIES BESTAAN UIT TWEE KOMPONENTE:



## TEMAS WAT BEHANDEL WORD



Die verbruiker



Voedsel en voeding



Kleding



Tekstielvesels en -stowwe



Ontwerpelemente en -beginsels



Behuising en interieur



Entrepreneurskap

## VEREISTES VIR VERBRUIKERSTUDIES:

Aangesien Verbruikerstudies 'n vak is wat 'n beperkte aantal leerders kan akkommodeer, sal goeie akademiese uitslae in die leerder se guns tel. Daar sal van leerders vereis word om die teoretiese sowel as 'n praktiese komponent van die vak te voltooi.

## VAARDIGHEDE WAT AANGELEER WORD VIR DIE 21ST EEU:

Probleemoplossing

Kommunikasie

Lewenswerklike leer

Kritiese & kreatiewe denke

Effektiewe oordrag van kennis

Lewenslange leer

Toepassing van praktiese vaardighede

Volhoubare verbruik

Entrepreneuriese vaardighede

Samewerking

Vervolg...

**BEROEPSMOONTLIKHEDE:**

<p><b>Verbruikersdienste en bestuur van geleenthede</b> Koördinerings van geleenthede wat vir verbruikers aangebied word, bv. troues en funksies.</p>	<p><b>Bemaking en bestuur</b> Bemaking van produkte namens 'n spesifieke maatskappy of verskaffer</p>
<p><b>Openbare skakelwese en media</b> Ontwikkel en hanteer reklame en advertensies vir produkte.</p>	<p><b>Produkontwikkeling en gehalteversekering</b> Ontwikkeling van nuwe produkte volgens verbruikersbehoefes</p>
<p><b>Reklame of skakelbeampste</b> Bekendstelling van verskeie produkte aan verbruikers, demonstrasies, ontwikkeling en toets van produkte</p>	<p><b>Joernalisme</b> Skryf van verslae en artikels vir gedrukte en elektroniese media, asook fotografie om produkte ten beste te vertoon</p>
<p><b>Navorsing</b> Navorsing op alle Verbruikerstudiesgebiede Analises, ontwikkeling, verbruikersklagtes en verbruikersbehoefes</p>	<p><b>Dieetkundige</b> Kundigheid oor gesonde eetgewoontes en aanpassings volgens verbruikersbehoefes in geregistreerde privaatpraktyk óf in diens van hospitale / privaatmaatskappye</p>
<p><b>Klere- of modebedryf</b> <b>Mode-ontwerp;</b> tekstielstofontwerp; navorsing om nuwe tekstielstofafwerkings te ontwikkel; kleremaker of taillering, handelaar of mode-aankoper</p>	<p><b>Behuising</b> Interieur ontwerp; binneshuiseversiering; ergonomiese ontwerpstoepassing in werksplekke en behuisingskonsultant</p>
<p><b>Gasvryheidsbedryf</b> Toepassing van Verbruikerstudiekennis in bv. bestuur van gastehuse, spyseniering, hoteldienste</p>	<p><b>Met rekenaars &amp; internet</b> Blogdienste, ontwikkel advertensies, produkevaluering of -vergelyking, produkprysvergelyking, reseps-ontwikkeling</p>
<p><b>Onderwys &amp; opleiding</b> Hoërskool of tersiêre onderwys, gemeenskapsonderrig, maatskappye, staatsdiens of NGO sirkulasie van inligting</p>	

**HOE WERK DIE PRAKTIESE KOMPONENT VAN VERBRUIKERSTUDIES?**

Leerders voltooi kwartaalliks vier opdragte. Resepte word voor die praktiese lesse uitgedeel en bespreek, leerders word ingelig oor verskeie tegnieke en vaardighede wat uitgevoer moet word tydens praktiese lesse. Leerders word voorsien van alle bestanddele - daar mag wel van leerders verwag word om een of twee bestanddele by sekere praktiese aktiwiteite self te verskaf.

**ADDISIONELE UITGAWES:**

Daar is tans geen addisionele kostes nie. Leerder sal wel verplig wees om 'n voorskoot te hê tydens praktiese lesse asook die nodig bestanddele te voorsien wanneer dit vereis word.

**VAKHOOF: Mev. Susan van der Walt – toerisme@outeniqua.co.za**

# INLIGTINGSTEGNOLOGIE (IT)

Inligtingstegnologie is die studie van al die verwante fisiese en nie-fisiese tegnologieë wat gebruik word tydens die vaslegging van data, die verwerking van data tot bruikbare inligting en die bestuur, aanbieding en verspreiding van data. Inligtingstegnologie bestudeer ook die aktiwiteite wat betrokke is tydens die oplos van probleme deur logiese en berekende denke. Dit sluit die fisiese en nie-fisiese komponente vir die elektroniese transmissie, toegang en manipulasie van data en inligting, in. (KABV)

**DIE VAK IT BESTAAN UIT TWEE KOMPONENTE WAT ONGEVEER EWE VEEL TEL.**

**DIE PRAKTIESE KOMPONENT FOKUS GROOTLIKS OP TWEE TEMAS:**

1. Probleemoplossing en die ontwikkeling van algoritmes.
2. Die hantering en verwerking van data.

Leerders word blootgestel aan probleemoplossingstegnieke en ontwerphulpmiddele om geskikte oplossings vir probleme te vind, en dan die oplossings te implementeer deur die skryf van rekenaarprogramme. Deur die loop van drie jaar (gr. 10 – 12) word programmeringsbeginsels en -konsepte behandel en die leerders maak kennis met 'n verskeidenheid programmeringstegnieke. Tans word die programmeringstaal Delphi gebruik, wat aan die leerders verskaf sal word. Die tegnieke en algoritmes wat geleer word, is universeel en dus ook van toepassing in ander programmeringstale.

**DIE TEORETIESE KOMPONENT BESTAAN UIT VYF TEMAS:**

1. Kommunikasietegnologieë
2. Stelseltegnologieë
3. Internettegnologieë
4. Data- en inligtingsbestuur
5. Sosiale implikasies

Hierdie temas dek die algemene tegnologieë wat in die rekenaarwêreld voorkom, en kyk ook na die gevolge van die gebruik van die tegnologieë. Die data- en inligting bestuurskomponent is nou gekoppel aan die hantering en verwerking van data wat in die praktiese komponent gedoen word.

Beide die finale eksamens, prakties en teorie, wat aan die einde van gr. 12 geskryf word, dek al die werk wat in die drie jaar van gr. 10 – gr. 12 gedoen is.

Die volgende tabel verskaf die ses hoofonderwerpe en sub-onderwerpe wat in Inligtingstegnologie in Graad 10 – 12 gedek word, asook die nodige hulpbronne vir die neem van IT:

Vervolg...

Hoofonderwerpe	Sub-onderwerpe	Hulpbronne
Oplossings ontwikkeling	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Algoritmes en probleem-oplossing</li> <li>• Inleiding tot oplossings-ontwikkeling</li> <li>• Toepassings-ontwikkeling</li> <li>• Beginsels van programmatuur-ingenieurswese</li> </ul>	Rekenaar  Programmatuur: <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Databasis bestuursprogrammatuur</li> <li>○ Hoëvlak programmeertaal binne 'n visuele ontwikkelingsomgewing deur die gebruik van 'n IDE waarin 'n grafiese gebruikers-koppelvlak geskep kan word.</li> </ul> Internettoegang  Webblaaier
Kommunikasie-tegnologieë	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Netwerke</li> <li>• E-kommunikasie</li> </ul>	
Stelseltegnologieë	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Inleiding tot rekenaars</li> <li>• Apparatuur</li> <li>• Programmatuur</li> <li>• Rekenaarbestuur</li> </ul>	
Internettegnologieë	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Internet</li> <li>• Wêreldwye web</li> <li>• Internetdienste</li> </ul>	
Data-inligtingsbestuur en	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Datavoorstelling</li> <li>• Databasisbestuur</li> <li>• Databasisontwerp</li> </ul>	
Sosiale implikasies	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Wetlike kwessies</li> <li>• Etiese kwessies</li> <li>• Sosiale kwessies</li> <li>• Omgewingskwessies</li> <li>• Gesondheidskwessies</li> <li>• Rekenaars en die samelewing</li> </ul>	

IT is 'n veeleisende vak waar daar van die leerders verwag word om baie ure na skool aan die vak te spandeer. Leerders word op grond van hulle Wiskunde- en Taalpunte gekeur. Die vak vereis 'n sterk wiskundige agtergrond sowel as die vermoë om probleme deeglik te verstaan en te ontleed. Die eenvoudigste vraag om te vra as jy wonder of jy IT sal kan doen, is: "Hoe goed is jy met woordsomme?". As dit tans een van jou sterkpunte is, behoort jy nie met IT te sukkel nie.

**VAKHOOF: Mev. Heiletha Bezuidenhout – it@outeniqua.co.za**

# REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE

WERKSVERDELING	
PRAKTIES	TEORIE
50%	50%
<ul style="list-style-type: none"><li>○ MSWord</li><li>○ MSPowerpoint</li><li>○ MSExcel</li><li>○ MSAccess</li><li>○ HTML (webblad-ontwerp)</li></ul>	<ul style="list-style-type: none"><li>○ Programmatuur</li><li>○ Apparatuur</li><li>○ Netwerke en Internet</li><li>○ Sosiale implikasies (Implikasies van rekenaars in die samelewing)</li></ul>

## NOVEMBER EKSAMENPUNT:

- Jaarpunt – 25%
- Praktiese Assesseringstaak – 25%
  - Dit is 'n praktiese taak wat baie van leerders se tyd in beslag neem
  - Gebaseer op twee aspekte
    - Stappe van navorsing
    - Tegnieuse vaardighede wat in die vak onderrig word
- November eksamen – 50%

## BELANGRIKE ASPEKTE OM TE ONTHOU:

- Dit is 'n vak wat in enige beroep gebruik sal word. Baie belangrike aspekte van die MSOffice pakket word onderrig wat vir enige leerder aanbeveel sal word
- Dit help leerders baie op universiteit met die Rekenaarvaardigheidsvak.
- Elke jaar volg opmekaar. Dus, in Gr.12 skryf leerders oor alle werk wat vanaf Gr.10 onderrig is. Daarom is dit baie moeilik as 'n leerder eers in Gr.11 besluit om die vak te neem.
- MS Excel verg wel Wiskundige vaardighede wat veroorsaak dat dit vir sommige leerders 'n moeilike program is.

**VAKHOOF: Mnr. Anton Hattingh – ahatt101@gmail.com**

*Outeniqua het die vakkeuse vir elke kind.*

*Baie sterkte met hierdie belangrike keuse.*